

**Saterdag 20 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 14:6-13**

**Fokusgedeelte: Openbaring 14:13; HK Sondag 22, Antwoord 57**

### **Die heerlikheid van die gelowige by die dood**

Dit is 'n groot heerlikheid wat die gelowige volgens ons belydenis ervaar as sy siel by sy dood dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem word. Ons sien die groot heerlikheid egter nog duideliker as ons lees wat die Here verder oor die dood van die gelowiges in Openbaring 14:13 sê. Drie dinge word van hulle gesê.

- *Eerstens* sê die stem uit die hemel dat hulle *salig of geseënd* is. Salig of geseënd beteken hier om vervul te wees met die hoogste denkbare geluk as genadegawe van God (1 Kor. 2:9). Nou weet ons dat hierdie salig-verklaring nooit van Christus as die Salig-maker losgemaak kan word nie. Die saligheid waarin Hy ons laat deel, het Hy self deur sy lyding en sterwe aan die kruis vir ons verwerf. Agter hierdie saligspreking sien ons Christus se kruis en oop graf. Die saligheid wat ons by ons dood ontvang, sal ook daarin bestaan dat ons voortdurend in die gemeenskap met Christus sal ver-keer. Ons sal by Hom wees wat ons so liefgehad het dat Hy die bitterste ly-ding verduur het om ons daarvan te verlos (Fil. 1:23).
- *Tweedens* word van dié wat in die Here sterwe, gesê *dat hulle sal rus van hulle arbeid*. Die rus wat die gelowige by sy dood verkry, is 'n rus in ver-skeie opsigte.
  - Dit is 'n rus van die sonde, wat die lewe vir die kinders van God so bitter maak (Heb. 4:9, 10).
  - Dit is verder 'n rus van die stryd wat hier op aarde gevoer moet word *teen* die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur en *vir* die eer van God op alle terreine van die lewe.
  - Dit is ook vir 'n rus van ons arbeid (Op. 14:13), veral van die moeitevolle aspekte daarvan. Tog beteken die rus nie totale passiwiteit nie, want ons sal voortdurend besig wees om God te dien (Op. 7:15; 15:2-4; 22:5).
- *Derdens* word van die gelowiges wat sterwe, gesê *dat hulle werke hulle volg*. Daarmee word bedoel dat dit wat die gelowiges hier op aarde in die diens van die Here gedoen het, nie by hulle dood vergeet sal word nie. God sal ons goeie werke beloon soos Hy dié van Moses beloon het (Heb. 11:26) en dié van sy verdrukke kinders sal beloon (Matt. 5:11, 12). So volg die goeie werke van God se kinders hulle by hulle dood. Daarom kan Paulus ook sê dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor. 15:58). Natuurlik is hierdie beloning net uit genade. Al is dit uit genade, bly dit egter 'n beloning. So vertrou die Here ons as ons te doen kry met die dood van dierbares of as ons dink aan ons eie dood.